Nuusbrief 8/2018 27 Februarie 2018

Geagte Ouers,

Inleiding
Met 'n baie besige week wat voorlê, is dit wonderlik om dankie te sê aan ons betrokke ouers. Julle is ware staatmakers!

Belangrike datums
Woensdag 28 Februarie – Musiekaand
Donderdag 1 Maart – Sokkie in die skoolsaal
Vrydag 2 en Saterdag 3 Maart – Vrystaat atletiek kampioenskappe te Sasolburg
- Mc Donald's Sportdag

Sport
Baie geluk aan al ons spanne wat die naweek aan die Jim Fouché toernooi deelgeneem het. Spesifiek die sewes rugby, Fast Five netball en hokkie het mooi presteer.

Baie geluk met die uitslae tydens die HTS Louis Botha atletiek byeenkoms. 33 Leerders van ons skool het medaljes ontvang. Drie van ons leerders was onder die top toekennings van die dag, naamlik:
Elaine Pretorius – Beste prestasie deur dogters in Hammergooi
Nicolas Julies - Beste prestasie deur seuns in Hammergooi
Su-Mari Gouws – Victrix Lodorm van die byeenkoms

Beheerliggaam Verkiesing
'n Vriendelike versoek word aan alle ouers gerig om Vrydag 2 Maart om 07:00 aan die beheerliggaam verkiesing te kom deelneem. Ouers wat op pad werk toe is, kan reeds om 07:15 weer vertrek. Ons het u ondersteuning dringend nodig in die verband.

Vriendelike groete,

H. van der Merwe
Skoolhoof